CAPE JOINT PENSION FUND

Belmont Office Park, Twist Street, Bellville 7530
PO Box 4300 Tyger Valley 7536
Tel: 021 943 5305
Fax: 021 917 4606
Email: susan@verso.co.za
www.cjpf.co.za
Fund Registration No: 12/8/1278/2

2016-01-22

Algemene Jaarvergadering 2016

Kennis geskied hiermee kragtens Reël 16.10.2 van die Reëls van die Fonds dat die **TWEE-EN-DERTIGSTE ALGEMENE JAARVERGADERING** van die Fonds op **VRYDAG, 27 MEI 2016 OM 09:00 IN DIE C R LOUW LESINGSAAL, SANLAM HOOFKANTOOR, STRANDWEG, BELLVILLE** gehou sal word.

1. AFGEVAARDIGDES

Lid & Pensioenaris:

Ooreenkomstig Reël 16.12.1 van die Reëls van die Fonds kan LEDE, nie later nie as vyf weke na ontvangs van hierdie kennisgewing **(d.i. teen 2016-03-11)**, lid en pensioenaris afgevaardigdes en sekundi verkies om die algemene jaarvergadering by te woon. Hierdie kantoor moet binne sewe dae van die verkiesing **(d.i. teen 2016-03-18)**, van die name van afgevaardigdes en sekundi asook hul lidnommers in kennis gestel word. Bylae A sit die aantal afgevaardigdes uiteen wat verkies mag word om die algemene jaarvergadering by te woon. Die wyse van verkiesing word bepaal in Reël 16.12 van die Reëls van die Fonds. 'n Uittreksel uit die Reëls relevant tot die algemene jaarvergadering word hierby aangeheg as Bylae B. (Die Afrikaanse weergawe is 'n nie-amptelike vertaling van die geregistreerde Engelse Reëls.)

Raadslid:

Ooreenkomstig Reël 16.10.6 van die Reëls van die Fonds kan elke PLAASLIKE OWERHEID, nie later nie as twaalf weke na ontvangs van hierdie kennisgewing **(d.i. teen 2016-04-29)**, dieselfde getal afgevaardigdes en sekundi as die lede aanwys om die algemene jaarvergadering by te woon. Hierdie kantoor moet binne sewe dae van sodanige aanwysing verwittig word **(d.i. 2016-05-06)**. Bylae A sit die aantal afgevaardigdes uiteen wat aangewys mag word om die algemene jaarvergadering by te woon.

2. MOSIES

Ooreenkomstig Reëls 16.10.9 en 16.10.10 van die Reëls van die Fonds moet die Hoofbeampte minstens tien weke skriftelike kennis gegee word van die voorneme om 'n mosie by die algemene jaarvergadering in te dien. U word dus versoek om enige mosies wat op die agenda van die algemene jaarvergadering geplaas moet word, **vóór 22 Maart 2016** in te dien.

LET WEL DAT MOSIES VÓÓR 22 MAART 2016 EN IN BEIDE AFRIKAANS EN ENGELS INGEDIEN MOET WORD.

MEV IT HARTLIEF
HOOFBEAMPTE

Bylae A

AFGEVAARDIGDES PER PLAASLIKE OWERHEID

PROVINSIE WES-KAAP

	Plaaslike Owerheid	Aantal afgevaardigdes	
		Lede	Raadslede
1.	Beaufort-Wes Munisipaliteit	1	1
2.	Bergrivier Munisipaliteit	1	1
3.	Bitou Munisipaliteit	1	1
4.	Breede Vallei Munisipaliteit	2	2
5.	Cederberg Munisipaliteit	1	1
6.	Drakenstein Munisipaliteit	1	1
7.	Eden Distriksmunisipaliteit	1	1
8.	George Munisipaliteit	2	2
9.	Hessequa Munisipaliteit	2	2
10.	Kaapse Wynland Munisipaliteit	1	1
11.	Kannaland Munisipaliteit	1	1
12.	Knysna Munisipaliteit	1	1
13.	Langeberg Munisipaliteit	1	1
14.	Matzikama Munisipaliteit	1	1
15.	Mosselbaai Munisipaliteit	1	1
16.	Oudtshoorn Munisipaliteit	1	1
17.	Overberg Distriksmunisipaliteit	1	1
18.	Overstrand Munisipaliteit	1	1
19.	Prins Albert Munisipaliteit	1	1
20.	Saldanhabaai Munisipaliteit	1	1
21.	Sentrale-Karoo Distriksmunisipaliteit	1	1
22.	Stad Kaapstad	10	10
23.	Stellenbosch Munisipaliteit	1	1
24.	Swartland Munisipaliteit	1	1
25.	Theewaterskloof Munisipaliteit	1	1
26.	Weskus Distriksmunisipaliteit	1	1
27.	Witzenberg Munisipaliteit	1	1

Bylae A

AFGEVAARDIGDES PER PLAASLIKE OWERHEID

PROVINSIE NOORD-KAAP

	Plaaslike Owerheid	Aantal afgevaardigdes	
		Lede	Raadslede
1.	Emthanjeni Munisipaliteit	1	1
2.	John Taolo Gaetsewe Distriksmunisipaliteit	1	1
3.	Kai!Garib Munisipaliteit	1	1
4.	Kareeberg Munisipaliteit	1	1
5.	Karoo Hoogland Munisipaliteit	1	1
6.	Kgatelopele Munisipaliteit	1	1
7.	//Khara Hais Munisipaliteit	1	1
8.	Naledi Munisipaliteit	1	1
9.	Nama Khoi Munisipaliteit	1	1
10.	Namakwa Distriksmunisipaliteit	1	1
11.	Phokwane Munisipaliteit	1	1
12.	Renosterberg Munisipaliteit	1	1
13.	Sol Plaatje Munisipaliteit	2	2
14.	Tsantsabane Munisipaliteit	1	1

AFGEVAARDIGDES PER PLAASLIKE OWERHEID

PROVINSIE OOS-KAAP

	Plaaslike Owerheid	Aantal afgevaardigdes	
		Lede	Raadslede
1.	Alfred Nzo Distriksmunisipaliteit	1	1
2.	Amatole Distriksmunisipaliteit	1	1
3.	Blue Crane Route Munisipaliteit	1	1
4.	Buffalo Stad Munisipaliteit	1	1
5.	Camdeboo Munisipaliteit	1	1
6.	Chris Hani Distriksmunisipaliteit	1	1
7.	Engcobo Munisipaliteit	2	2
8.	Gariep Munisipaliteit	1	1
9.	Inxuba Yethemba Munisipaliteit	1	1
10.	Kouga Munisipaliteit	1	1
11.	Lukhanji Munisipaliteit	1	1
12.	Makana Munisipaliteit	1	1
13.	Mnquma Munisipaliteit	1	1
14.	Ndlambe Munisipaliteit	1	1
15.	Nelson Mandela Metropolitaanse Munisipaliteit	2	2
16.	O R Tambo Distriksmunisipaliteit	1	1
17.	Sondagsriviervallei Munisipaliteit	1	1

UITTREKSELS UIT DIE REËLS

16.10 GEWONE ALGEMENE VERGADERING

16.10.1 'n Gewone algemene vergadering van die FONDS moet elke jaar binne twaalf (12) maande na die vorige finansiële jaar gehou word op 'n datum wat deur die TRUSTEES bepaal word, en moet deur die HOOFBEAMPTE in opdrag van die RAAD VAN TRUSTEES belê word.

16.10.2 Die HOOFBEAMPTE moet nie minder nie as sewentien weke voor die datum van die gewone algemene vergadering 'n kennisgewing met die datum, tyd en plek van daardie gewone algemene vergadering aan elke PLAASLIKE OWERHEID stuur.

16.10.3 Elke geassosieerde PLAASLIKE OWERHEID wat -

(a) minder as vyftig LEDE in diens het, mag een afgevaardigde as RAADSLID aanwys en die bydraende LEDE van sodanige PLAASLIKE OWERHEID mag een afgevaardigde as 'n LID verkies; of

(b) vyftig LEDE in diens het, maar nie meer as vyfhonderd nie, mag twee afgevaardigdes as RAADSLEDE aanwys en die LEDE van sodanige PLAASLIKE OWERHEID mag twee afgevaardigdes as LEDE verkies; of

(c) meer as vyfhonderd LEDE in diens het, mag tien afgevaardigdes as RAADSLEDE aanwys en die LEDE van sodanige PLAASLIKE OWERHEID mag tien afgevaardigdes as LEDE verkies om die gewone algemene vergadering by te woon.

16.10.4 Ten opsigte van elke afgevaardigde aangewys of verkies ingevolge REËL 16.10.3 mag die geassosieerde PLAASLIKE OWERHEID en LEDE een sekundus aanwys of verkies, wat die geval ook al mag wees, om die gewone algemene vergadering in die afwesigheid van sodanige afgevaardigde by te woon, en enige sekundus aldus aangewys of verkies, word geag die afgevaardigde te wees wat aldus aangewys of verkies is wanneer hy die gewone algemene vergadering bywoon in die afwesigheid van die afgevaardigde aldus aangewys of verkies.

16.10.5 Elke afgevaardigde en sekundus deur die LEDE verkies ingevolge REËL 16.10.3 en 16.10.4 moet ooreenkomstig die bepalings van REËL 16.12 verkies word.

16.10.6 Die Munisipale Bestuurder van elke PLAASLIKE OWERHEID moet die HOOFBEAMPTE nie later nie as dertien weke na ontvangs van die kennisgewing ingevolge REËL 10.16.2 in kennis stel van die name en adresse van die aangestelde RAADSLEDE afgevaardigdes en sekundi.

16.10.7 'n Eenvoudige meerderheid (50% plus een) van die aantal genomineerde afgevaardigdes, soos in REËL 16.10.6 hierbo uiteengesit, vorm 'n kworum by die gewone algemene vergadering. Indien 'n kworum nie binne dertig minute na die vasgestelde tyd vir die aanvang van die vergadering teenwoordig is nie, moet die vergadering uitgestel word tot dieselfde tyd op die eerste werksdag daarna en die afgevaardigdes wat dan teenwoordig is, vorm 'n kworum.

16.10.8 Die voorsitter van die TRUSTEES tree as voorsitter op by die gewone algemene vergadering en, indien hy afwesig of onwillig of nie in staat is om op te tree nie, sal die ondervoorsitter van die TRUSTEES aldus optree. Indien beide die voorsitter en die ondervoorsitter afwesig of onwillig of nie in staat is om as voorsitter by die gewone algemene vergadering op te tree nie, moet die oorblywende TRUSTEES een van hul lede kies om as voorsitter op te tree.

16.10.9 Die HOOFBEAMPTE moet minstens tien weke skriftelike kennisgewing gegee word van voorneme om ‘n mosie by die gewone algemene vergadering in te dien; met dien verstande dat -

(a) die TRUSTEES opdrag kan gee dat enige mosie wat na hul mening teenstrydig is met die bepalings van die REËLS of van ‘n suiwer administratiewe aard is, nie by die gewone algemene vergadering ingedien en bespreek of oor gestem moet word nie; en

(b) die voorsitter van die gewone algemene vergadering kan toelaat dat enige mosie wat deur die TRUSTEES aan die gewone algemene vergadering voorgelê is vir dringende oorweging en ten opsigte waarvan kennis nie gegee is nie of, ingevolge hierdie REËLS, nie vroegtydig gegee is nie, ingedien en bespreek en oor gestem kan word.

16.10.10 Mosies vir bespreking by die gewone algemene vergadering mag net ingedien word slegs deur -

(a) die TRUSTEES;

(b) ‘n afgevaardigde van ‘n PLAASLIKE OWERHEID indien die betrokke mosie behoorlik goedgekeur is op ‘n vergadering van die PLAASLIKE OWERHEID wat deur die afgevaardigde verteenwoordig word; of

(c) ‘n afgevaardigde van LEDE indien die betrokke mosie behoorlik goedgekeur is op ‘n vergadering van LEDE gehou ingevolge die bepalings van REËL 16.12.

16.10.11 Die HOOFBEAMPTE moet -

(a) nie minder nie as nege weke voor die datum van die gewone algemene vergadering ‘n lys van alle mosies wat ontvang is aan die Munisipale Bestuurder van elke PLAASLIKE OWERHEID stuur ter inligting van sodanige PLAASLIKE OWERHEID en LEDE; en

(b) nie minder nie as twee weke voor die datum van die gewone algemene vergadering ‘n kennisgewing met die datum, tyd en plek van die gewone algemene vergadering tesame met ‘n afskrif van die agenda, jaarverslag en finansiële state stuur aan elke afgevaardigde verkies deur die LEDE of aangewys deur ‘n PLAASLIKE OWERHEID; met dien verstande dat indien geen afgevaardigde verkies of aangewys is soos hierbo genoem nie, die HOOFBEAMPTE ‘n afskrif van die agenda, jaarverslag en finansiële state aan die Munisipale Bestuurder van sodanige PLAASLIKE OWERHEID moet stuur ter inligting van die PLAASLIKE OWERHEID en LEDE.

16.10.12 Elke afgevaardigde wat na behore verkies is en teenwoordig is by die gewone algemene vergadering en elke TRUSTEE wat teenwoordig is by die gewone algemene vergadering, is geregtig op een stem.

16.10.13 Die voorsitter van sodanige vergadering het ‘n beslissende sowel as ‘n gewone stem.

16.10.14 Bestaande TRUSTEES, wat nie as afgevaardigdes verkies is nie, mag die gewone algemene vergadering bywoon. Sodanige TRUSTEES mag herverkies word om as TRUSTEE te dien en sal stemreg hê op die vergadering.

16.10.15 Stemming geskied deur opsteek van hande, tensy minstens vyf afgevaardigdes, deur op te staan, stemming per stembrief versoek.

16.10.16 ‘n TRUSTEE vakature soos omskryf in REËL 16.2.3 mag gevul word tydens ‘n gewone algemene vergadering onderhewig aan die volgende voorwaardes:

(a) Die voorsitter van die vergadering, of sy aangewese plaasvervanger, sal vra vir geskrewe nominasies vir die TRUSTEE vakature onderhewig aan die voorwaardes van REËL 16.2.3(b) met die verdere voorwaarde dat die voorsitter ook vooraf geskrewe nominasies vanaf PLAASLIKE OWERHEDE moet oorweeg vir nominasies van RAADSLIDTRUSTEES.

(b) Nominasies vir LIDTRUSTEES mag slegs deur LEDE (uitgesluit PENSIOENARISSE) gemaak word, RAADSLIDTRUSTEES mag slegs deur RAADSLEDE genomineer word en PENSIOENARISTRUSTEES mag slegs deur PENSIOENARISSE genomineer word.

(c) Alle afgevaardigdes wat benoem word vir die verkiesing tot TRUSTEE by die gewone algemene vergadering, moet aan die voorsitter bevestig dat hy die nominasie aanvaar. Indien hy nie teenwoordig is by die vergadering nie, moet sy geskrewe aanvaarding van die nominasie in die besit van die voorsitter wees.

(d) Stemming ten opsigte van die verkiesing van 'n TRUSTEE vanuit die lys van genomineerdes, sal geskied per stembrief. Elke afgevaardigde by die vergadering kry een (1) stem. In die geval waar gelyke stemme uitgebring is, sal die stemming oorgedoen word.

(e) Slegs LEDE, uitgesluit PENSIOENARISSE, mag stem vir die LIDTRUSTEE vakature. Slegs RAADSLEDE mag stem vir die RAADSLIDTRUSTEE vakature en slegs PENSIOENARISSE mag stem vir die PENSIOENARISTRUSTEE vakature.

(f) By enige stemming per stembrief moet die voorsitter twee of meer persone aanstel om die stembriewe bymekaar te maak, na te gaan en te tel, en hom in te lig oor die uitslag van die stemming, waarna hy die uitslag van die stemming aan die vergadering sal bekendmaak. Die genomineerde wat die hoogste getal stemme gekry het in sy spesifieke belangegroep, sal die vakature vul onderhewig aan die voorwaardes van REËL 16.2.3 (b).

16.10.17 Die uitslag van die verkiesing waarna in REËL 16.4 verwys word, moet by die gewone algemene vergadering bekend gemaak word, tensy alreeds in die FONDS se nuusbrief bekend gemaak is.

16.12 VERKIESING VAN LID AFGEVAARDIGDES

16.12.1 Die Munisipale Bestuurder van elke PLAASLIKE OWERHEID moet 'n vergadering belê van LEDE asook van alle PENSIOENARISSE, van sodanige PLAASLIKE OWERHEID, nie later nie as vyf weke na ontvangs van die kennisgewing soos bepaal in REËL 16.10.2 vir die verkiesing van 'n afgevaardigde of afgevaardigdes, met 'n sekundus of sekundi om die gewone algemene vergadering by te woon.

16.12.2 Elke LID moet minstens veertien dae voor die datum van die vergadering skriftelik in kennis gestel word van die datum, tyd en plek van die vergadering; met dien verstande dat die nie-ontvangs van sodanige kennisgewing deur enige LID nie die verrigtinge van sodanige vergadering ongeldig sal maak nie.

16.12.3 Die persone teenwoordig by sodanige vergadering vorm 'n kworum.

16.12.4 Die Munisipale Bestuurder van die PLAASLIKE OWERHEID tree as voorsitter van sodanige vergadering op, of indien hy om enige rede afwesig is of permanent of tydelik onwillig of nie in staat is om aldus op te tree nie, moet die vergadering 'n persoon uit diegene wat teenwoordig is, kies om as voorsitter op te tree.

16.12.5 Die voorsitter of enige persoon wat deur hom vir hierdie doel aangestel word, moet notule van die verrigtinge van sodanige vergadering hou.

16.12.6 By sodanige vergadering moet die voorsitter nominasies vra vir die vereiste aantal afgevaardigdes en sekundi wat LEDE moet wees.

16.12.7 Indien die aantal nominasies wat ontvang is nie meer is as die aantal afgevaardigdes of sekundi wat verkies mag word nie, moet die voorsitter die kandidate aldus genomineer, behoorlik verkies verklaar.

16.12.8 Indien die aantal nominasies wat ontvang is egter meer is as die aantal afgevaardigdes of die aantal sekundi of die aantal afgevaardigdes én die aantal sekundi wat verkies mag word, wat die geval ook al mag wees, moet die vereiste aantal afgevaardigdes en sekundi deur geheime stemming verkies word.

16.12.9 'n Persoon wat die vergadering bywoon mag nie vir meer kandidate stem as die aantal afgevaardigdes en sekundi wat verkies mag word nie.

16.12.10 Die voorsitter moet 'n stembus voorsien wat hy in die teenwoordigheid van die vergadering, en voordat stemming begin, moet seël nadat hy aan die vergadering getoon het dat dit leeg is.

16.12.11 Elke persoon wat die vergadering bywoon moet die stembrief wat aan hom oorhandig word, invul en dit in die stembus plaas voordat hy die vergadering verlaat.

16.12.12 Die voorsitter moet twee persone wat die vergadering bywoon as stemopnemers aanstel om die stemme onmiddellik na die stemming te tel.

16.12.13 Indien die geldigheid van 'n stembrief betwyfel word of indien daar onder die stemopnemers 'n geskil oor die stemming is, moet die saak beslis word deur die voorsitter wie se besluit finaal en bindend is. Indien die voorsitter 'n direkte of indirekte belang in enige sodanige saak het, moet hy homself verskoon en die vergadering moet 'n persoon kies uit diegene wat teenwoordig is om as voorsitter op te tree vir die doeleindes van hierdie REËL en totdat sodanige saak besleg is deur die voorsitter aldus verkies, soos hierbo uiteengesit.

16.12.14 Nadat die stemme getel is, moet die voorsitter en die stemopnemers 'n verslag oor die uitslag van die stemming opstel. Die voorsitter en stemopnemers moet die verslag onderteken en die voorsitter moet die kandidaat of kandidate wat die meeste stemme verwerf het, behoorlik verkies verklaar.

16.12.15 Die Munisipale Bestuurder van die PLAASLIKE OWERHEID moet binne sewe dae na die vergadering die notule van die verrigtinge van sodanige vergadering, sodanige verslag en 'n lys van die name van elke verkose afgevaardigde en sekundus aan die HOOFBEAMPTE voorlê.